Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie : *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 23 1ste Kwartaal 2023

GOD KEN JOU OP JOU NAAM

Jesaja 43 : 1 : Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

Op baie plekke in die wêreld is ons maar net ‘n nommer. Kyk net: by die belastingkantoor het ons ‘n belastingnommer. By die Departement van Binnelandse Sake het ons ‘n identiteitsnommer en dalk ook ‘n paspoortnommer. Ons bank neem kennis van ons geldsake deur verskillende rekeningnommers, so ook die munisipaliteit, klerewinkels, skole, lewensversekeraars, noem maar op. Ja, by al die sentrale instellings in die samelewing is ons in sekere sin slegs ‘n klompie nommers op papier. Maar nie by God nie. Nee, Hy ken ons op ons name. Hy het jóú gered deur jou op jou naam te roep. Toe het jy sy eiendom geword.

God hou nooit boek van ons by wyse van rekeningnommers nie. Nee, Hy ken ons altyd op ons name. Toe Hy ons die eerste keer op ons name geroep het, het ons daar en dan van eienaar verwissel. Toe het ons die eienaarskap oor ons eie lewe finaal afgeteken. Ons het God toe tot die nuwe Eienaar van ons lewens verklaar.

Ons bevind ons nou in die hande van die lewende God. En dit is terloops die veiligste plek om te wees. Hy waarborg sy persoonlike bystand aan ons onder alle omstandighede. Wanneer ons deur groot riviere moet worstel, is Hy aan ons sy. Ook as ons deur die vuur moet stap. Want ons behoort aan Hom. En God pas al sy eiendom persoonlik op.

GEBED: *God van hemel en aarde, dankie dat U my naam ken en dat ek met U mag praat in Christus se Naam.*

Bron : *Die hele Bybel-Dagboek – Stephan Joubert (2007) (Grafika : DuToitspan, Kimberley).*

WEEK VAN GEBED: BEMOEDIGING ASOOK AANMOEDIGING

Van16 tot 19 Januarie het die gemeente saans bymekaar gekom vir die jaarlikse *Week van Gebed*. Dit was 'n werklik spesiale reeks wat met die erediens op 15 Januarie begin en met die Nagmaalsviering op 22 Januarie 'n hoogtepunt bereik het. Ons kon en het dan ook God se Vaderhart beter leer ken.

Aan die hand van die gelykenis van die verlore seun (Luk. 15:11-32), het die Here dit deur sy Gees en by monde van 'n besielende ds. Barry, treffend en onteenseglik by ons tuisgebring dat sy liefde oneindig groot is en àlmal insluit. Sy liefde sluit die jongste broer sowel as die oudste broer in. Die jongste broer het sy erfporsie opgeëis en sy eie koers ingeslaan terwyl die oudste broer by die huis gebly en vir sy pa aanhou werk het. Die jongste broer het die pad byster geraak, alles en dus homself ook, verloor, tot inkeer gekom en vol berou teruggegaan huistoe. Sy pa het hom met liefde terug verwelkom terwyl die oudste broer niks met sy jonger sedelose, verkwister-broer te

doen wou hê nie. Die oudste broer het dan ook sy pa se liefdevolle uitnodiging om saam fees te vier, summier van die hand gewys.

Ons Hemelse Vader se onbegryplike, onbeskryflike, oneindige groot liefde, sluit inderdaad ook elke lidmaat van ons gemeente in. Dit spreek gevolglik vanself dat die aktiewe lidmate wat meelewend betrokke en arbeidsaam is, die onaktiewe lidmate wat onbetrokke en daar eenkant êrens is, nie net moet verwelkom indien hulle sou terugkom huistoe nie, maar hulle moet gaan soek en vind en hulle na die Vaderhuis toe moet terugbring.

Chris Stander / Grafika: sn24.nl

MATRIEKS VAN 2022

Baie geluk aan die matrieks van 2022 met jul uitslae en ons wens jul alles van die beste toe vir die volgende fase van jul lewensreis.

ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)
Baie geluk vir die dag en seën vir die nuwe lewensjaar. "Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Helige Gees!" Rom 15:13

JANUARIE

07 – Una Erasmus (90): Dit gaan redelik maar daar is maar ouderdom-verwante dinge wat 'n bietjie pla. Sy het egter heerlik by haar dogter in Durban verjaar. Sy het terug gevlieg en dit BAIE geniet!
09– Tineke Botha (88): Dit gaan goed al is sy nou "op wieletjies". Sy is baie dankbaar en geniet die rustigheid en veiligheid van haar huisie.
15 – Poppie Potgieter (81): Dit gaan baie goed en al is haar rug en knie 'n bietjie seer gaan sy nog aan.

FEBRUARIE

05 –Marie Lombard (?): Geen klagtes nie en baie dankbaar dat dit goed gaan.
17 – Coenie Pullen (91): Tannie Coenie se oë pla maar verder gaan dit goed.
29 - Hannah Visser (87): Dit gaan goed. Sy woon nog in haar huisie en het geen klagtes nie.

MAART

02 – Hansie Bekker (80): Dit gaan baie goed. Hy het geen klagtes nie behalwe dat hy nie genoeg kans kry om te gaan kamp nie. Hy soek ook nog na 'n borg vir die brandstof!!
06 – Kobus Cronje (89): Daar is maar dinge wat pla maar hulle aanvaar dit. Hulle bly nou in Sally Martin Park en geniet dit baie.
15 – Trynie Oosthuizen (81): Dit gaan goed en sy het geen klagtes nie.
23 – Pierre Boulogne (83): Hy het geen groot klagtes nie. Hy kan ongelukkig nie meer tuinmaak nie, maar verder gaan hy nog aan.
25 – Elsa Geldenhuys (81): Dit gaan baie goed en sy het nie klagtes nie.
27 – Babsie Stone (86): Gaan goed, osteoperose gee probleme maar sy bly nog aan die gang.
30 – Willie Burger (86): Met sy gesondheid gaan dit goed. Hy bly besig en het baie om voor dankbaar te wees.
30 – Frieda Claassen (84): Sy het deur 'n baie moeilike tyd gegaan maar is baie dankbaar dat dit nou baie beter gaan.
30 – Louis van Zyl (84): Dit gaan goed, behalwe seer skouers waaraan daar niks gedoen kan word nie.

NUWE GEMEENTELEDE

Hartlik welkom aan die volgende gemeentelede wat die afgelope tyd by Parys-Wes aangesluit het. Ons vertrou dat jul verblyf in Parys en die gemeente vir julle van waarde sal wees. Die onderskeie Diensgroepe is altyd op soek na gewillige hande en jul is welkom om daar in te skakel.

Naam	Van	Vorige gemeente	Wyk
Hannes en Naomi	Jansen van Vuuren	NG Welkom-Wes	Grewar
Eddie en Jeneane	Alberts	NG Pongola	Bredell
Rina	Radford	NG Suidkus	Grewar
Koos & Estelle	Oosthuizen	NG Fauna, Bloemfontein	End

DOOP

Baie geluk aan Eddie en Jeneane Alberts met die doop van hul seuntjie, Lukas Alberts op Sondag, 8 Januarie 2023.
(Foto: Jeneane)



WêRELDBIDDAG VIR VROUE – Vrydag, 3 Maart 2023

Die tema word jaarliks deur vroue van verskillende lande gekies. Vanjaar se tema "*Ek het van jul geloof gehoor*" is deur die vroue van Taiwan gekies.
Dié Biddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 175 lande vorm. Dit strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding.

Die Wêreldbiddag vir Vroue bied vroue wêreldwyd verskeie geleenthede, onder andere om hulle geloof in Jesus Christus te bevestig. Dit bied gelowiges ook die geleentheid om versterk te word deur die geloofservaring van Christene uit ander lande en kulture. Ons geniet dan ook die voorreg om ander se laste te help dra deur saam met hulle en vir hulle te bid.



Die 93ste viering van die Wêreldbiddag vir Vroue in Parys is op 3 Maart 2023 in die NG Kerk Parys-Wes aangebied. Heelwat dames van oor die hele dorp het dit bygewoon. Dit is aangebied volgens die riglyne wat vanaf Taiwan ontvang is.

'n Bekendstellingsvideo van Taiwan het baie interessante feite oorgedra en Annatjie Coetzee, wie se seun reeds byna 30 jaar in Taiwan woon, het ook interessante inligting gedeel oor die alledaagse lewe.

Die program is aangebied deur Ina van Wyk en nog 6 dames wat voorlesings gedoen het. Die Skriflesing was uit Ef 1:15-23. Tema: "Ek het van julle geloof gehoor..." en bid vir julle. Netso hoor ons van Taiwan en bid vir mekaar. Die program is afgewissel met samesang en gebedstyd in klein groepies en stilgebed. So kon ons vir Taiwan intree en ook ons eie situasies voor die Here bring.

Hierdie wêreldbiddag het ons weereens onder die indruk gebring dat die Here oor die hele wêreld Here is en ons mede-Christene in vêr lande ook baie uitdagings beleef. Dit was 'n voorreg om deel te wees van hierdie biddag.

Die dankoffer wat opgeneem is, word juis aangewend om te verseker dat die Wêreldbiddag kan voortgaan. Dankie vir elkeen se bydrae.

*Simboliek van die kunswerk (Kunstenaar - **Hui-Wen Hsaio - Taiwan**)*

In die stuk wat ons gekry het, het hulle die simboliek van die kunswerk as volg verduidelik:

Die vroue sit stil by 'n stroompie, terwyl hulle opkyk na die donkerte. Ten spyte van die onbekende pad wat voorlê, weet hulle dat hul Verlossing in Christus lê.

Twee bedreigde voëlspesies word uitgebeeld: die Mikado Fisant en die Black Faced Spoonbill (Swartgesig Lepelaar).

Die groen gras en skoenlapper-orgidieë staan uit teen die donker agtergrond.

Die groen gras simboliseer die Taiwanese bevolking as eenvoudig, selfversekerd, sterk en onder God se sorg.

Bron: Die Kerkbode / Hortense

KERSKOSPROJEK 2022

Daar is reeds dankie gesê vir al die bydraes vir 2022 se Kerskosprojek maar as ons kyk na die dankbaarheid van die gesinne wat die pakkies ontvang het, dan kan mens seker nooit genoeg dankie sê nie. Ons besef dat almal swaar trek maar ons kon die 2022-projek afsluit met die mooi bedrag van R13 500.00.

Ten tye van die aankoop van die produkte vir die pakkies het bydraes nog ingekom en daar is produkte ter waarde van R7 500.00 aangekoop. Die pakkies van so R370.00 elk is verder aangevul met 5kg mieliemeel van +-R40.00 wat, soos gedurende die res van 2022, deur die Weiveld Boerevereniging geskenk is.

Die Kerkraad het goedgekeur dat die balans van R6 000.00 op die 2022 Kerskosprojek, oorgedra word na die nuwe boekjaar en elke sent sal aangewend word vir die kospakkies.

Die Diensgroep Getuienis het ‘n bedrag van R20 000 vir 11 maande begroot vir die kospakkies wat maandeliks aan die 21 gesinne van die NG Kerk Schonkenville gegee word. Die fondse om hierdie uitgawe plus die van die ander projekte van die Diensgroep te dek, word deur die Diensgroep ingesamel met pannekoekverkope, die sop-en-broodaand en kerrie & rysverkope. Daarbenewens ontvang hul steeds maandeliks ‘n donasie van R750.00 van Parys Hospice vir die kospakkies.

Die R20 000 beteken daar is R86.58 per kospakkie per maand beskikbaar en ons weet almal jy kan byna niks daarmee koop nie. Met die R6 000 uit die Kerskosprojek, word die pakkie se waarde verhoog na R112.82.

Dus, nogmaals dankie vir elkeen se bydrae vir die projek in 2022. Jul bydraes verlig die honger verder as net vir Kersfees. Ons is ook baie dankbaar vir die donasie van mieliemeel deur Weiveld Boerevereniging en die maandelikse bydrae van Hospice, Parys.

Dankie aan Yolandi Potgieter wat nou die verantwoordelikheid vir die kospakkies oorgeneem het.

MINI-BASAAR

Die mini-basaar op 3 Maart was weereens ‘n lekker kuier- en eet geleentheid, sonder krag! Die gewone tradisionele eetgoed is voorgesit en ons het hierdie jaar ook ‘n pampoentafel gehad waar die pampoene vinnig uitverkoop het! Bo en behalwe die ander eetgoed het die pap en wors groot aftrek gekry! Ongelukkig het die krag nie om 18:00 aangekom soos wat dit moes nie en ons het die laaste gedeelte van die basaar in die donker deurgesien! Ook kon ons nie musiek speel nie.

Baie dankie aan almal wat bygedra het en betrokke was by die mini-basaar! *Dries*

GLENIFFER ETE

Gleniffer se inwoners sien altyd uit na ‘n goeie ete. Hulle is weer op 14 Februarie op heerlike hamburgers en bykosse getrakteer en natuurlik was daar ook nagereg. Dankie aan almal wat ook bygedra en gehelp het!

Parys-Wes moet een keer per kwartaal vir die mense by Gleniffer ‘n ete voorberei. Kontak die Kerkkantoor asseblief indien jy bereid is hiermee te help.
Dries

VALENTYN PIK-EN-PROE – 10 Februarie 2023

Nog ‘n jaar en nog ‘n heerlike valentynsdagete. Wag, dit was nie ‘n tradisionele groot ete teen groot koste by ‘n groot restaurant nie. Dit was Parys-Wes se 2022 Valentyn Pik-en-Proe teen ‘n beskeie toegangsfooi en ‘n heerlike dis in ‘n feestelike atmosfeer in die kerksaal. Die tafels was mooi gedek, die verskeidenheid disse is uitgepak en nadat ds Barry die aand paslik met gebed geopen het, kon die besoekers self opskep met ‘n teelepel in die kleinbordjie wat hulle by die deur ontvang het.

Anders as by die “grend” restaurant, was hier omtrent 25 disse om van te skep en 25 x ‘n teelepel vol maak ‘n groot bord kos. Ja, daar was weer eens genoeg om te eet en selfs om ‘n tweede draai te maak voordat jy by die poedings begin het.

Baie dankie aan almal wat deel gehad het aan die voorbereiding van die saal en die heerlike disse. Dit was weer ‘n baie gesellige aand van koinonia en ons sien uit na die volgende geleentheid.

Kommentaar oor of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan Hansie of Elize Bekker by hansieb@lantic.net.
Foonnommer: 056 811 4754 of 082 820 4306.

KERSDIENS 2022

Baie sal die Kersdiens van 25 Desember 2022 onthou. Kersfees het op ‘n Sondag geval en die diens het sonder ‘n dominee gebeur. Die diens het ‘n besondere karakter aangeneem met Francois en Elizabeth Fourie wat die diens gelei het. Dit was ‘n diens van samesang en lofprysing en ‘n besondere geleentheid.

Moontlik ook so omdat die kersliedere onder die sterre-geleentheid op die kerkterrein nie hierdie jaar plaasgevind het nie. Ons sien uit daarna om weer vanjaar kersliedere onder die sterre te sing.

Dankie Francois en Elizabeth. Dit was ‘n besondere Kersfeesdiens. *(Foto – Wiaan)*

KATEGESE 2023

Baie dankie aan elke ouer wat hul kinders getrou Sondae Kategese toe bring.

Ons het die nuwe jaar op 25 Februarie 2023 met 'n dagkamp te Koedoeslaagte net buite Parys begin. Die kinders het fiets gery, geswem en die natuurskoon sommer baie geniet.

Baie dankie aan elke Kategeet (dominee Barry, Hein, Liana, Koekie en Wilma) vir hul toewyding en volharding om Parys-Wes se kinders verder toe te rus om sout van die aarde te wees en om die lig van hul Christenskap helder te laat skyn.

Yolandi insluitende die foto